**SKOOL: HOËRSKOOL BRACKENFELL**
**NAAM EN VAN: MATHEW CLARKE**
**GRAAD 11**

**TEMA: AG, AS MENSE MAAR NET…**

Tyd

Die lug verstar in skakerings van grys.
Nie van reën of die wolke wat saampak nie, maar van
wanhoop.

'n Enkele straal sonlig stuur steke deur die gleuwe van my oë. Selfs na ál die tyd is vrede stééds nie 'n opsie nie.

Hoe lank is dit nou al?
Dae, weke?
Maande?

Jare?

Daarbuite, stap tyd aan, maar hier, in die donkerte, staan dit doodstil.

Ek kom regop, maar my lyf veg teen elke.
enkele.
beweging.

Tyd staan stil.

Tree vir tree treur ek, nie net oor wat was nie, maar oor wat nou is en wat nou vir altyd sal wees.

Tyd staan stil.

Die badkamerdeur staan wawyd oop - die pille en die halfvol glas steeds net daar langs die wasbak - 'n konstante herrinering van hoe niks die pyn verminder nie.
Die pyn van wat was, en nou nie meer is nie.
Mý pyn ...

vir jou.

Tyd staan stil.

Elke tree neem my deur daardie oomblik.
Die oomblik van koue staal tussen my vingers.
Die flits, terwyl die trane op jou wange my elke gedagte oorweldig.
Die skoot, wat my elke keer uit daardie gedagte bring.
'n Fout.
Die grootste fout van my lewe.

Tyd staan stil.
Ek beweeg.

Gebreekte glas steek reg deur die sole van my voete, soos die geskeurde portrette die mure besoedel.
Elke prent, 'n herrinering aan wat was.
Elke krap, 'n skok terug na wat nou is.

Tyd staan stil.
Ek beweeg verder.

Ek kan steeds nie glo hoe jy my verlaat het nie.

Die wielletjies van die laai skree, net soos wat jy jou laaste, pynlike asem voor my uitgeblaas het.

My hand deursoek die donkerte van die laai. Die koue staal skielik tasbaar teen my vingerpunte – die sneller gereed.

Tyd staan stil.
My arm beweeg stadig op.

Dit was nie jou skuld nie.

My hande bewe, my hart skep donderslae binne my bors en die donkerte versterk my gedagtes …

... jy wás my hele wêreld.

As mense maar net vroëer omgegee het…as mense maar net geweet het - omgegee het oor hoe dit met ons gaan, geweet het oor hoe dit met mý gaan.

Miskien – nee - my keuse is gemaak.
Ek kom terug na jou toe.

Tyd.
Staan.
Stil.

Elke asemteug wat ek neem, bring die donkerte verder in.
Die enkele ligstraal van my kamer is net-net sigbaar vir een laaste keer.
Ek sluit my oë.

Die sneller beweeg.

Tyd -